# Hoërskool McLachlan

Posbus 3
Joubertina
6410

042-9402775
info@hsmclachlan.co.za
www.hsmclachlan.co.za


NUUSBRIEF 12/05 2023

Geagte Ouers/Voogde

1. **Junie-eksamen**:
   Die eksamen vir graad 4- tot 6-leerders begin Maandag, 29 Mei tot Vrydag,15 Junie. Graad 7- tot 12-leerders begin Vrydag, 26 Mei en eindig Vrydag, 15 Junie, vir graad 7- tot 11-leerders en Maandag, 19 Junie, vir graad 12-leerders.

   Vanaf Donderdag, 25 Mei, sal daar geen buitemuurse aktiwiteite wees nie. Leerders kan met hulle onderwysers reël indien hulle ekstra klasse benodig.

   Skool begin normale tyd, 07:25, en busse vertrek om 12:10.

   Finale reëlings sal in die nuusbrief van Donderdag, 25 Mei, deurgegee word.

   Alle leerders ontvang vandag 'n eksamenrooster.

2. **ATKV-redenaars**:
   Miencke Strydom is deur na die volgende rondte van die ATKV-redenaars wat op 20 Mei by Hoërskool Framesby plaasvind. Ons is trots op haar en ons beste wense vergesel haar.

3. **Onderwêrelddrama van gr. 12's: Humansdorp**:
   Die gr. 12's gaan vandag die opvoering van een van hul Afr. voorgeskrewe werke by Nico Malan, Humansdorp bywoon,

4. **Mnr. en mej. McLachlan**:
   Die afgelope Mnr. & Mej. McLachlan-2023 was 'n heerlike glansaand van opwindende modelle en klank. Ons BK- en VRL-lede het vir die hele skoolgemeenskap 'n lekker ontspannende vermaaklike aand op Do. 4 Mei, gereël.

   Die vier uitgesoekte beoordelaars, mev. Estelle Botha, me. Rochelle van Rooyen, mev. Maruscha Viljoen en Faizal Jaftha, moes kopkrap tussen die 15 juniorkandidate en 16 seniors.

   Die juniorbekroondes is:
   - Eerste prins - Ockert Koorzen
     Mnr. McLachlan – Dylan Chari,
   - Eerste prinses – Amore Pietersen
     Mej. McLachlan – Lilitha Ferreira

   Die Senioruitslag was as volg:
   - Eerste prins – Arne Oelofsen
     Mnr. McLachlan – A.J Theron

herotel

- Eerste prinses – Chante Elford
  Mej. McLachlan – Samantha Faustino

Die gr. 1-3 se "Twinning is winning" – groepies het vir baie vermaak en deernis gesorg. Ons het onder luide polsende musiek ook ons 2 personeelmodelle geniet, terwyl Elri van Jaarveld (Mej McL-2022) haar laaste rondte gedoen het voordat die krone met sakke vol goeie pryse oorhandig is.

So 'n reuseaand kan nie sonder 'n span harde werkers aangebied word nie en ons wil graag al ons VRL- en BK- ouers bedank vir hulle betrokkenheid en ruim bydraes.

Baie dankie aan al die borge en donasies vir ons skool.

Dennekruin – Twee Riviere
Agrimark – Joubertina
Die Erfplaas - Jeffreysbaai
Office Solutions, Joubertina
PEP, Joubertina
Belfry Restaurant, Tweeriviere
HairbyDee
Salon Adelle, Joubertina
Bonzai Day Spa, Joubertina
Blommie's Jewellery
Hair Creations (Lyn-Mare Murray)
Baldie-Boerdery
Royal Supermarket Joubertinatak

5. **<u>Fondsinsamelingsprojek</u>:**

Die laerskoolleerders van Hoërskool McLachlan het die afgelope 2 weke aan 'n fondsinsamelingsprojek deelgeneem. Elke leerder van graad 1-7 moes help om lootjies te verkoop. Die leerders het met baie entoesiasme hierdie projek aangepak. Daar was 3 heerlike groot koeke om te wen, maar pryse is ook aan die leerders uitgedeel wat die meeste lootjies verkoop het.

<u>Die wenners van die GROOT KOEKE was as volg</u>:

- Eerste prys – Ina Kritzinger ( Limari Linde – gr.6 )
- Tweede prys – Samantha Kapank ( Tamar Kapank – gr. 2 )
- Derde prys – Boeta Maya ( Vuyo Hugo – LSOB )

<u>Leerders wat die meeste lootjies verkoop het</u>:

- Eerste prys : Juané Oosthuizen, gr.3
- Tweede prys : James Baldie, gr. 1
- Derde pryse : Oscar Goncalves, gr. 2 & Akeelah Sadien, gr. 5

<u>Ander leerders in wat die meeste lootjies verkoop het is ook beloon met 'n prys</u>:

- ✓ Graad 4 – Stewart Wright
- ✓ Graad 6 – Matthys Wright
- ✓ Graad 7 – Jurie Kritzinger

15 GELUKKIGE TREKKING se pryse is ook uitgedeel aan leerders wat hul lootjielyste verkoop het: Abigia Grootboom, Amoné Botha, Willbrey Prinsloo, Rosshin Wilson, Irene Zivale, Cloë Maasdorp, Anri Louis, Tashlyn Jansen, Marthinus Lewis, Gustaphe d'Assonville, Mark – Junior Marengoe, James Baldie, Athandile Janse, Jacobus Koorzen en Taylin Ruiters

BAIE DANKIE aan AL die ouers en leerders wat betrokke was by hierdie projek.

'n Spesiale dankie aan die volgende persone se besighede vir skenkings :

- ❖ Caro-Lee Wright (Movewright Kinderkinetika )
- ❖ Mia Buys (Foodzone )
- ❖ Sharleen Landman (Office Solutions )
- ❖ Amanda Wright (Springbok Kafee )

herotel

Die fondse sal aangewend word vir die skool se “WISE EYE”-program en die 0/13 netbal- en rugbytoer na Douglas.

6. **<u>“ WISE-EYE “ -Program</u>:**
Die skool het in 2023 begin met die “ WISE EYE “ – program. Die program is reeds geïmplimenteer en is besig om uit te brei. Die graad 1-, 2- en 3- leerders se oë is in kwartaal 1 deur ‘n visuele-siftingstoets getoets. Die visiuele-siftingstoets wys moontlike sigprobleme uit. Me. Caro-Lee Wright het dit by die skool kom doen met die” WELCH ALLEN VISION SCREENER” en die sifting is moontlik gemaak deur die LIONS CLUB en Movewright Kinderkinetika.



Al die graad 1-leerders is reeds besig met die “WISE-EYE” - program wat aangebied word deur twee opgeleide “ WISE -EYE” -fasiliteerders, Suré Ferreira en Zelda Coetzee. Die graad 2-leerders is besig met leesvlaktoetsing en die graad 3-leerders se leesvlak sal ook nog in kwartaal 2 getoets word.



Gedurende kwartaal 3 word daar beoog om gr. 4-6-leerders se visuele sifting- en leesvlaktoetsing te doen.

Daarna sal die fasiliteerders die rekenaarprogram na skoolure individueel beskikbaar stel aan leerders wat daarin belangstel om hul leesvermoë te verbeter.

Wise Eye
READING ACADEMY
Langkloof

7. **<u>Karoo to Coast – fietswedren: 24 September 2023</u>:**
Hierdie is weer ‘n geleentheid vir Hoërskool McLachlan om geld in te samel. Ons soek bestuurders om deelnemers se voertuie van Uniondale na Knysna te neem. Die skool verdien R850 per voertuig. Indien u beskikbaar is, kontak mev. Daleen Strydom by 042 9402775 of stuur ‘n e-pos na info@hsmclachlan.co.za.

8. **<u>Toelatings – 2024</u>:**
Aansoekvorms vir nuwe toelatings vir 2024 is by die kantoor beskikbaar.

| | | |
|---|---|---|
| Sluitingsdatum: | Gr. 1 | 2 Junie 2023 |
| | Gr. 2 – 10 | 31 Julie 2023 |

Skakel gerus mev. Daleen Strydom indien u enige navrae het.

9. **<u>Sport</u>:**

- <u>Uitslae: Paul Sauersportdag</u>:
  <u>Netbal</u>:

| | |
|---|---|
| 0/9A | 3 gewen |
| 0/9B | 1 gewen; 1 gelykop |
| 0/10 | 4 gewen; 1 verloor |
| 0/11 | 3 gewen |
| 0/12 | 2 gelykop; 1 gewen |
| 0/12B | 2 gewen; 1 gelykop |
| 0/13A | 2 gewen; 1 verloor |
| 0/13B | 1 gewen; 1 gelykop; 1 verloor |

<u>Rugby</u>:


| | |
|---|---|
| 0/9 | 1 gewen; 1 verloor |
| 0/11 | 1 gewen; 1 gelykop |
| 0/13 | 1 gewen; 1 gelykop |

herotel

- <u>LS Victory Derby-dag: 20 Mei</u>: [Tuis]
  Besonderhede sal in volgende week se nuusbrief wees.

10. **<u>Skaak</u>:**
    Op Saterdag, 13 Mei, neem die hoër- en laerskoolspelers aan die "Fountains Mall"-skaaktoernooi te Jeffreysbaai deel.  Die toernooi begin 08:30 (eerste rondte) en eindig 17:00 met die prysuitdeling.

| | | |
|---|---|---|
| Bustye: | Misgund: | 06:15 |
| | Louterwater: | 06:25 |
| | Krakeel: | 06:35 |
| | Skool: | 06:50 |
| | Ravinia: | 07:00 |



C.J. STUURMAN
Skoolhoof: Hoërskool McLachlan
tituscelestine@yahoo.com
Tel: +27 (0) 42 940 2775
Cell:  +27 (0) 64 650 9453
Hoërskool McLachlan

herotel
McLachlan Internet Fasiliteit